YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum


# FORUM

www.forumtydskrif.co.za | Junie 2018

AfriForum Tydskrif

# NEE

## vir onteiening sonder vergoeding



ISSN 2313-1144

9 772313 114002

R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede



# Internasionale druk op ANC-regering is noodsaaklik

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum    **@kalliekriel**

AfriForum se verskerpte veldtog om die internasionale gemeenskap se aandag op plaasmoorde en onteiening van eiendom sonder vergoeding te vestig, tel vinnig spoed op.

Sedert 'n gesiene Australiese joernalis op besoek aan Suid-Afrika deur AfriForum geneem is om eerstehands onderhoude met slagoffers van plaasaanvalle te voer, het letterlik tientalle berigte oor plaasmoorde en die ANC-regering se voorgenome miskenning van eiendomsreg in die Australiese hoofstroommedia verskyn. Prominente politici in Australië het kennis geneem en sterk standpunt ingeneem. Daarna het oud-Suid-Afrikaners 'n belangrike rol gespeel om dié saak verder te voer deur twee suksesvolle optogte teen plaasmoorde te reël.

Daar word ook elders in die wêreld toenemend kennis geneem van plaasmoorde en die ANC se planne om eiendomsreg te skend. Prominente mediahuise in die VSA, Brittanje en Europa het uitgebreide aandag aan die saak geskenk – tot só 'n mate dat AfriForum deur gesiene meningsvormers genooi is om die VSA en Europa te besoek. 'n Uitnodiging is ook van 'n gerespekteerde openbare verteenwoordiger van 'n sentristiese regerende party in 'n Europese land ontvang. AfriForum gaan hierdie uitnodigings beslis aanvaar.

Soos 'n mens kan verwag, het AfriForum se internasionale veldtog kritiek uit regeringskringe ontlok. Lindiwe Sisulu, minister van internasionale betrekkinge en samewerking, het ten spyte van die feite – wat daar is vir almal om te sien – ontken dat plaasmoorde 'n probleem is. Sy het AfriForum daarvan beskuldig dat die organisasie "vals" inligting aan die internasionale gemeenskap versprei, sonder om AfriForum se boodskap op enige wyse te weerlê. Sisulu se byna histeriese reaksie is 'n aanduiding daarvan dat internasionale druk besig is om vrugte af te werp.

Natuurlik het die paar Afrikaanse kommentators – wat bykans onbeperkte blootstelling op sommige mediaplatforms kry ten spyte daarvan dat min Afrikaanse luisteraars en lesers hul idees ondersteun – weer gal oor AfriForum se internasionale veldtog gebraak. Die ou en afgesaagde strategie om die geregverdigde kommer wat onder die groot gros gematigde lede van minderheidsgemeenskappe heers valslik as "regs" af te maak, is weer besig om na reëlmaat kop uit te steek. Dié strategie werk gelukkig nie meer nie. Die beste bewys hiervan is dat AfriForum se ledetal pas die 208 000-kerf verby gesteek het en dat die organisasie selfs vinniger groei elke keer wanneer 'n Afrikaanse kommentator 'n vals etiket om AfriForum se nek probeer hang.

Wat egter veel gevaarliker is as vals etikette is die paar Afrikaanse kommentators wat mense probeer paai met naïewe uitsprake soos dat pres. Cyril Ramaphosa nooit onteiening sonder vergoeding sal deurvoer nie en dat sy uitsprake dat hy dit wel gaan doen bloot 'n poging is om sy mag te konsolideer en die EFF uit te oorlê. AfriForum het dié storie al voorheen gehoor. Van die Zimbabwiese boere wat die afgelope jare in hul stryd vir geregtigheid deur AfriForum bygestaan is, het by meer as een geleentheid vir my gesê dat hulle ook destyds Mugabe se uitsprake oor grond afgemaak het as politiekery om kiesersteun te behou. Hulle het gevolglik laag gelê en al hul hoop op "konstruktiewe" gesprekke met die Mugabe-regering geplaas. Die uiteinde is daar vir almal om te sien. Suid-Afrika is egter nie Zimbabwe nie. Die rede hiervoor is onder meer dat daar in Suid-Afrika – anders as in Zimbabwe – sterk burgerlike instellings is wat gerat is om internasionale druk te help genereer om die skending van eiendomsreg te help verhoed.

Diegene wat hulle laat paai deur vals gerusstellings dat onteiening sonder vergoeding nie 'n werklike bedreiging inhou nie, maak dieselfde fout as die Britse politici wat in die 1930's gedink het hulle kon Hitler tevrede stel deur voortdurend toegewings te maak. Winston Churchill was die enkele uitsondering, bloot omdat hy die planne gelees het wat Hitler geskryf het en omdat hy geglo het wat hy lees.

Die ANC skryf ondubbelsinnig in sy beleidsdokumente dat die party die magsbalans (*balance of forces*) suksesvol in sy guns geswaai het om die "tweede fase van die Nasionale Demokratiese Revolusie" vinniger te implementeer. Ingevolge die ANC se *balance of forces*-strategie gaan dié party nie van sy beleidsrigtings afstand doen bloot op grond van ander se goeie argumente nie, maar sal wel soms terugstaan as die magsbalans nie in sy guns is nie.

Benewens internasionale steunwerwing gaan AfriForum ook argumente teen onteiening sonder vergoeding ter tafel lê tydens die sittings van die parlementêre komitee wat die wysiging van die Grondwet ondersoek. Indien dié argumente egter nie deur een of ander vorm van druk gerugsteun word nie, beteken dit – in die lig van die ANC se *balance of forces*-benadering – dat daar gebedel eerder as beding word.

Drukmeganismes wat AfriForum kan gebruik om eiendomsreg te beskerm, is egter ingeperk nadat die Konstitusionele Hof sy kaarte in Agri SA se mineraalregtesaak duidelik gewys het. In dié saak het transformasie eiendomsreg getroef. Boonop sal die howe se hande in elk geval grootliks afgekap word as die Grondwet gewysig word om onteiening sonder vergoeding te vergemaklik.

Al uitweg is dus internasionale druk deur buitelandse beleggers en regerings teen sowel onteiening sonder vergoeding in Suid-Afrika as plaasmoorde.



Forum 14_Finaal.indd 8    2018-06-14 10:51:48 AM